Week 12 (27 -31 Julie)

Gr. 4 Afrikaans

1

Die wekker



In die middel van 'n woud het 'n wekker gestaan wat per ongeluk deur 'n spannetjie kampeerders daar vergeet is. Hoewel hy vir niemand meer die tyd aangegee het nie,het hy tog dapper voortgegaan om die sekondes af te tel, soos dit 'n ordentlike wekker betaam. Hy het klets gesê as 'n halwe en klats as 'n hele sekonde om was, en hy het hom daarin deur niemand van stryk laat bring nie.Op 'n dag kom daar twee muise verby. Hulle bly verbaas staan toe hulle die wekker sien en sê: "Goeiedag, geëerde meneer. Is u miskien 'n wekker?"

"Klets-klats, klets-klats," tik die wekker.

Die muise kyk na mekaar en sê: "'n Wekker is hy nie!"

"Is u miskien 'n plant?" vra die eerste muis.

"Klets-klats, klets-klats," tik die wekker.

"Is u miskien 'n dier?" vra die tweede muis.

"Klets-klats, klets-klats," tik die wekker.

Daarna vra albei bangerig: "Eet u dalk muise?"

Toe raak die wekker van die uitvraery deurmekaar, want dit hinder hom in sy tellery,iets wat hy as baie belangrik beskou.

Daarom begin hy skielik rammel en ratel en klingelend lui.

Die twee muise skrik hulle byna oorhoeks.

Uit: *Die arend en die duif* – James Krüss (Tafelberg)

Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe het die wekker in die woud gekom?

.....

2. Wat het die wekker gesê as 'n halwe sekonde om was?

.....

3. Was daar baie kampeerders? Hoe weet jy?

.....

4. Wat is die werk van 'n ordentlike wekker?

.....

5. Het die muise geweet dit is 'n wekker?

.....

6. Wat het die muise gedink sal die wekker doen?

.....

7. Wat is vir die wekker baie belangrik?

.....

8. Wat gebeur as jy jou oorhoeks skrik?

.....

9. Gee 'n paar woorde uit die stuk wat klank naboots.

.....

10. Wat doen jy as jy jou deur iemand van stryk laat bring?

.....

Lees die volgende storie en beantwoord die vrae.



Scanned by TapScanner

1. Wat was Shaka se ouers se name?
2. Wat het Shaka se pa by sy geboorte voorspel (predict) wat waar geword het?
3. Wanneer het Shaka koning van die Zoeloes geword?
4. Waarom is Shaka in raam 6 so ontsteld/hartseer?
5. Wie het vir Shaka doodgemaak?
6. Wie, dink jy, het na Shaka koning geword?

Taalwerk

1. Gee ‘n ander spelling vir “Zulu”
2. Gebruik ‘n woordeboek (dictionary) en soek die betekenis van die volgende woord.
   a) Skat
   b) Stad
3. Voltooi die table

Enkelvoud	**Meervoud**	**Verkleining**
Zulu		
Zoeloe		Zoeloes
Koning		
	seuns	
Omgewing		
Ma		

Skryf

Skryf jou eie paragraaf oor hoe baie jy skool en jou onderwysers/maats mis. 40-50 woorde. Doen eers kopkaart dan beplanning en dan finale skryfstuk. (how much you you miss school, teachers and your friends)

Kopkaart



Beplanning

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Finale skryfstuk

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____